5 & 12 Julie 2026

# HEIDEKOPPIE NUUS

BELEEF BEHOORT BEDIEN



Baie welkom aan ons sendelinge, Nic en Tina Strydom van Madagaskar, wat ons vanoggend besoek!
(Die foto hierbo is geneem tydens Gert en Francois se onlangse besoek aan hulle. )

Indien jy finansieël vir hulle werk wil bydra, kan die geld in Heidekoppie se rekening inbetaal word (besonderhede onder-aan p2), **met verwysing "Madagaskar"**.

## EREDIENSTE

**So 5 Julie**
**Een diens om 08:30**
Deuroffers: Instituut vir Dowes
Prediker: *Nic Strydom*

**So 12 Julie**
**Een diens om 08:30**
Deuroffers: Koninkryksfonds
Prediker: *Peet van Zyl*

### SKOOLVAKANSIE EREDIENSTE

Tot en met Sondag 19 Julie is daar op 'n Sondag slegs een erediens om 08:30. Daar is geen Kinderkerke, Space of Open Door Sundays nie.

### VERLOF

Ds Anton is met verlof 10-20 Julie. Past Adam kan in dié tyd gekontak word.

Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie /
https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

Leraar: Ds Anton Roux 083 504 2613 I ants@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 I adam@heidekoppie.com

# BEHOORT



## VERJAARSDAE

*Baie geluk aan die volgende persone,*
*70 jaar en ouer, wat verjaar!*

**JULIE**

**05:** Coenrad Lourens, Gerrie van den Berg, Charlotte Huisamen
**06:** Wessel Joubert
**10**: Louis van Gass (96 jr), Delmarie Zeeman
**12:** Alta Bester
**13**: Johan Morland, Poppie Wickens
**14:** Heilie Mostert **15:** Sulette Mostert
**17:** Suzie Smit **18:** Petro Oosthuizen




SnapScan

Snap here to pay

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES



## VROUE-KUIER

Dankie aan Lucindia, Carol, Marlize, Marelize en Charmain vir hulle inisiatief en harde werk om ons dames te bederf, te versterk en spesiaal te laat voel ♥.



BANKBESONDERHEDE: NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell, Universele Kode: 632005
Tjekrekening nr 145 058 0674

# LIEFDE



## HUWELIKSKURSUS

Gedurende die derde kwartaal word ‘n huwelikskursus op Woensdagaande aangebied. Begindatum 5 Augustus.

*Hou die spasie dop!*




## TROU JULLE BINNEKORT?

Dan is hierdie kursus vir julle!
Alle paartjies wat deur Ds Anton in die huwelik bevestig word, woon dit ook by.

Hooglied 4:9 “*Jy het my hart gesteel, my beminde bruid, jy het my hart gesteel met een kyk van jou oë …*”

## VROUEKUIER- Maak die knope los!



# MADAGASKAR

## TYDENS DIE BOU VAN DIE OPLEIDINGSENTRUM



Hout word aangery met 'n waentjie wat deur beeste getrek word.



'n Put vir water word met hande-arbeid gegrawe. (Daar was water!)



Staal vir betonversterking word aange"ry" na die bouperseel.


## TYDENS HEIDEKOPPIE SE BESOEK



Besoek aan 'n kunsmark



Alle dorpe is nie per pad bereikbaar nie en skuite moet ingespan word.



Baobabwoud

## DEEL VAN DIE BEDIENING

Nic-hulle se radiostasie




Opleiding van kinderwerkers



# REIK UIT




*"Hy sê toe vir sy dissipels:*
*'Die oes is groot,*
*maar die arbeiders min.*
*Bid dan die Here*
*aan wie die oes behoort,*
*om arbeiders uit te stuur*
*vir sy oes.'"*
Matt 9: 37, 38




**"What do we do if they NEVER leave the building?"**

## DEUROFFERS: INSTITUUT VIR DOWES

*Hiervoor word die deuroffers gebruik:*

**Deuroffers vir die Nasionale Instituut vir Dowes:**

•Bejaardesorg vir Dowes in 'n versorgingseenheid op Worcester;
•Residensiële versorging van volwasse Dowes met meervoudige gestremdhede (die enigste in Suid-Afrika en Afrika);
•Lewering van Gebaretaaldienste aan beide horende- en Dowe gemeenskappe om die gebruik van Gebaretaal te promofeer;
•Ondersteuning aan die Dowe Familie Kerk - Worcester, en die NGK De la Bat Bellville vir die geestelike versorging van Dowes.

Nasionale Instituut vir Dowes
nid@nid.org.za • Posbus 941, Worcester, 6849
www.nid.org.za • +27 (023) 110 0145

# BID SAAM




## SKERMAFHANKLIKHEID

Dit is skoolvakansie en duisende kinders oor die land gaan weer daagliks ure voor ‘n skerm deurbring.
Studies wêreldwyd toon toenemende angs, isolasie, swak slaappatrone, depressie en skerm-afhanklikheid onder kinders as gevolg van skadelike digitale blootstelling.

Kinders het wysheid, gesonde verhoudings en geestelike leiding nodig om tegnologie op maniere te gebruik wat God eer.

- Bid dat die Here aan ouers, onderwysers en skoolleiers wysheid sal gee om kinders wat aan skadelike digitale invloede blootgestel is, te lei in die gesonde gebruik van tegnologie en media.
- Vra die Heilige Gees om die harte en gedagtes van kinders teen skadelike invloede te beskerm en ’n honger na ander aktiwiteite en God se teenwoordigheid in hulle aan te wakker.

## BID VIR NIC EN TINA SE BEDIENING

*Om die evangelie in Madagaskar te verkondig, is nie ‘n maklike taak nie.*
*Van die dinge wat dit baie uitdagend maak, sluit in:*


- Verskeie onbereikte groepe, sterk geloof in voorvadergeeste (ook onder Christene) en tradisies.
- Jaarlikse siklone wat geweldige skade aanrig.
- Gereelde politieke onrus.
- Slegs sowat 8% van die bevolking wat Engels magtig is. (Frans en Malgassies is die amptelike tale.)
- Uiters swak paaie/vervoernetwerk.
- Swak en beperkte mediese sorg (veral in landelike gebiede) en gevolglike siektes.
- Geweldige armoede. (Onder die 10 armste lande in die wêreld.)

Nic en Tina word ook nie jonger nie .

Dank die Here vir die (on)gelooflike werk wat Hy deur jare deur hulle gedoen het! Bid vir hulle huidige bediening en ook vir voortsetting daarvan wanneer hulle eendag self nie meer betrokke kan wees nie.

# IN DIE OMGEWING




REVERENDFUN.COM COPYRIGHT BIBLE GATEWAY



Thanks to Josiah Gilman 01-18-2008

TODAY'S SERMON WILL BE ON HOW TO DRESS MODESTLY IN AN INCREASINGLY IMMODEST AGE

